**JUST JESUS** – preekreeks Jan-April 2022 – Londenwyk

**Vir groepe**

## Week 9: 20-26 Maart

## Just Jesus – Die huis van gebed – Markus 11/12

**Agtergrond:** *Jesus se uitnodiging in Markus 1:15: "... die koninkryk van God het naby gekom. Bekeer julle en glo die evangelie." Jesus kom vestig 'n nuwe koninkryk en Hy doen dit deur self hier te kom leef en te kom wys hoe dit anders is as die koninkryke waarin ons leef.*
*Die vraag waarmee ons besig moet bly, is: Hoe lyk hierdie koninkryk van Jesus*
***Hoe leer Markus ons oor hoe Jesus was?***

**'n Vinnige terugblik op verlede week:**

- Wat sal jy antwoord op die vraag: Wat moet ek doen om die ewige lewe te verkry?
- Wanneer en waar begin die ewige lewe?
- Hoe het jy hierdie week hemel op aarde vir iemand gebring?

**Bid en vra vir die Here om deur hierdie Skrifgedeelte vir jou te leer hoe sy koninkryk is, en om Hom nuut raak te sien.**

**Lees dan Markus 11:15-25**

Hoe tree Jesus hier amper teen die verwagting in op?


In watter mate dink jy moet Jesus meer so streng optree teenoor sondaars? Verduidelik waarom jy so antwoord.


Vir Jesus was **die tempel 'n huis van gebed... – v 17**. Die tempel was die **middelpunt van die Jode se godsdiens**... dit was die plek **waar hulle God ontmoet het**.... vir hulle was dit God se woonplek op aarde. Kom tempel toe om God te aanbid, want hulle het **geweet: God is hier...**

- Wat neem ons fokus weg van die feit dat ons in die eerste plek kerk toe kom om God te ontmoet en om Hom te aanbid? Waarom gaan jy kerk toe?


- Wat sê **1 Korintiërs 6:19** hieroor? En watter implikasies het dit vir elkeen van ons oor die ontmoeting wat ons met God kan hê?

- Hoe voel jy dan daaroor dat God by jou woon en jy die heeltyd in sy teenwoordigheid is?




 **Vir Jesus was die tempel** 'n huis van gebed **vir al die nasies – v 17**

- **Hierdie prentjie is 'n 3-D weergawe van hoe die tempel gelyk het in Jesus se tyd.**




- **Die *"Gentiles Courtyard"*** was die deel van die tempel waar mense van enige nasie kon inkom en God aanbid. In v 15 lees ons egter dat dit 'n besigheidplek geword het. Maw daar was nie meer plek vir enige een om te kom bid nie! En die bedoeling was nog altyd dat **die tempel inklusief moes gewees het** – daar was plek vir elkeen, selfs vir mense wat nie-Jode was! En Jesus word kwaad as mense uitgesluit word!

  - **Waarmee en hoe exclude ons deesdae mense?**



**Bid saam:**

*Gee eers tyd vir stilte*

- *Vra vir die Here om jou tempel skoon te maak*
- *En om jou hart oop te maak vir ander*

**Lees saam:**

*Daar is teksgedeeltes vir elke dag van die week dwarsdeur die campaign. Lees dit asseblief. By elke teksgedeelte van die week is daar 'n paar vrae. Hierdie vrae is om julle te challenge om die Here toe te laat om julle te shape. Dit sal great wees as julle in die groepe van die vrae van die vorige week deurgaan en deel wat die Here op die oomblik in jou lewe mee besig is.*

Just Jesus